

Donderdag 4 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:7-12

Prys die Seun omdat Hy die kerk verlos het en die Hoof daarvan geword het

In hierdie verse val die klem op seëninge wat in Christus na ons toe kom. Ons ontvang verlossing en vergewing, want die losprys is betaal: die bloed van Christus. Ons is bevry van die mag van die sonde en al ons skuld is weggeneem. God het vir ons op oorfloedige wyse in sy genade in Christus verlossing en vergewing gegee, omdat ons self niks daar-voor kan bydra nie. Ons kry ook wysheid om hierdie wonders te verstaan, en insig om as verlostes te lewe.

Deel van die seëninge is verder dat God volgens sy voorneme 'n geheim deur opening bekendmaak: hemel en aarde en alles wat daarop is, sal weer saamgevoeg word tot 'n nuwe eenheid. Dit sal gebeur as alles onder een Hoof verenig word. Nou is Christus reeds Hoof van sy liggaam, maar op 'n aangrypende oomblik sal alles en almal sy Hoof-skap erken. Die kerk het 'n besondere plek in die beweging na hierdie eindpunt, want die kerk moet 'n voorsmaak wees hoe God onder Hoofskap van Christus hierdie wonderlike eenheid bewerk.

Die seëninge lei ons tot verheerliking en verering van God, en ons moet dit elke dag met woorde in gebed en in lofliedere doen. Ons kan Hom prys, want ons is "die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het". Alles is nog nie onder Christus verenig nie, maar ons hoop maak dit vas en seker dat dit sal gebeur, omdat ons reeds as kerk met Christus en mekaar verenig is.

Sing: Skrifberyming 1-1:3, 5

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)